Nuusbrief 189

28 Mei 2014

Beste Lid,

WOODEX 2014

Dit is weer tyd vir WoodEX for Africa wat plaasvind vanaf 5 tot 7 Junie by Gallagher uitstal sentrum in Midrand. SAWPA sal vir die 3de jaar in 'n ry a stalletjie beman met die hoof doelwit om die houtverduursamingsbedryf sowel as ons lede te bevorder. Ons nooi u om ons te besoek en vir die wat wel beplan om te kom, vind asseblief aangehegte elektroniese uitnodiging. Klik op die voetskrif van die uitnodiging om gratis te registreer vir toegang na Woodex.

2014 IRGWP 45 KONFERENSIE

Ek was bevoorreg om onlangs die 45ste jaarlikse "International Research Group on Wood Protection" konferensie by te woon wat van die 12de tot die 15de of Mei in St George, Utah gehou was. The IRG lidmaatskap is a groep van belanghebbende wetenskaplikes en tegnoloë gefokus op die ontwikkeling van wetenskaplike kennis rakende die beskerming van hout en hout verwante produkte. Die jaar se konferensie was bygewoon deur 215 afgevaardigdes van 31 lande, en 'n totaal van 109 referate was aangebied. Die konferensie het afgeskop met 'n volsessie wat daarna opgevolg is met parallelle sessies oor die 4dae. Die Sesies het di volgende temas gedek:

Microbial test methodology
Chemical/Physical analysis
Insect biology and testing
Performance – Lab &Field tests
Prediction of service life
Organic Preservatives
Wood composites, WPC's and engineered wood products
Coatings, hydrophobic treatments and surface aspects
Soft rot and bacteria/bluestain and moulds
Treating processes and treatability of timber
Environment and sustainability
Inorganic Preservatives
Thermal wood modification
Chemical wood modification
Natural durability
New wood protecting chemicals
Advances in molecular techniques
Bacidiomycetes

Aangesien die gebruik van hout in die spoorweg en brug konstruksie bedryf 'n baie groot rol speel was daar ook 'n spesiale seminar sessie toegestaan aan "Protecting railway sleepers and bridge timbers".

Die volgende is slegs a paar van die baie interessante aanbiedings wat oor die 4 dae aangebied was:

IRG/WP 14-20556 *Cost effective extension of service life of bridges (sleepers) – Effectively applying borate during Boulton conditioning and treatment with copper naphthenate*

IRG/WP 14-30647	*Copper naphthenate treatment of wood crossties and timbers*
IRG/WP 14-40686	*Borate treatment of green ties: and initial report on mechanical properties*
IRG/WP 14-30644	*Creo-sub New Protection technology to substitute creosote in railway sleepers, timber bridges and utility poles*
IRG/WP 14-20549	*On-site remediation treatments for framing timber in leaky buildings*
IRG/WP 14-40658	*The resistance of Accoya® and Tricoya® to attack by wood-destroying fungi and termites*
IRG/WP 14-40668	*Performance of some wood modification treatments against marine borers*
IRG/WP 14- 50305	*Practical extraction of metals from CCA-treated wood*
IRG/WP 14-50307	*Laboratory study of relative leachability of CCA preservative from buried treated woods among soil types of Sarawak*
IRG/WP 14-50301	*Potential for migration from fused boron rods used as internal remedial treatments of utility poles*
IRG/WP 14-40670	*Encapsulation system combined with DOT Borate treatments – The future of treated crossties*

Lede wat belangstel om enige van die bovermelde referate, of die vol lys van al die referate gelewer, te bekom kan dit aanvra by SAWPA. Die IRGWP 46 word volgende jaar vanaf die 10de tot die 14de Mei aangebied in Viña del Mar, Chile.

2013 BEDRYFS STATISTIEKE

Ongelukkig kon ons nie die beoogde teiken datum van einde Maart haal met die bekendstelling van die 2013 Suid Afrikaanse houtverduursamingsbedryf syfers nie en vra opreg om verskoning daarvoor. Die rede vir die vertraging is hoofsaaklik omdat ons probleme ondervind met die invordering van een spesifieke streek se syfers. Ons bly egter positief en hoopvol om die finale 2013 syfers voor einde Junie beskikbaar te stel.

SENIOR REGSAANSPREEKLIKHEIDSOPINIE INGEWIN

Na gelang van ‘n versoek wat by een van die onlangse streeksvergaderings geopper is, en toe ook na die SAWPA uitvoerende komitee verwys is, is daar besluit dat SAWPA kan voortgaan om ‘n senior regsopinie in te win oor wie en tot watter mate partye verantwoordelik gehou kan word wanneer daar grootskaalse falings van behandelde hout plaasgevind het. Die hoofrede vir die inwin van die opinie is bloot omdat dit bleik dat geen vorige eis die volle regsproses in ‘n hof deurgesien het nie, en daar dus geen toetssake bestaan nie. Die regsopinie sal verskeie scenarios insluit om sodoende voorsiening te maak vir die verskillende redes en moontlike oorsake wat daartoe gelei het dat die produk nie voldoen het nie en dus voortydig gefaal het. Die uitvoerende komitee het voorgestel dat ons die opinie van ‘n spesialis regspraktisyn te kry wat al voorheen vir SAWPA bygestaan het met Nasionale werkswinkels rakende die “nuwe” Verbruikers wetgewing. SAWPA het reeds ‘n kort inligtingsvergadering met hom gehad waarin hy ingestem het om ons te voorsien van die regsopinie. Die volgende stap sal wees om hom te voorsien van gedetailleerde inligting oor die verskillende moontlike scenario’s.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Februarie, Maart en April was onderskeidelik 60345, 61060 and 56554.
- Lede moet onthou om die gratis veiligheidsetikette vir die aanwending op behandelde hout by Sue te bestel. Daar word aanbeveel dat ten minste 10% van alle behandelde hout geëtiketteer moet word voor besending.

- In 2006 het Rosemary Rudd ‘n boek getiteld “South African Timber Buildings” gepubliseer. Indien enigeen belangstel om ‘n afskrif van die boek te bekom kan u haar kontak by rosemaryrudd@iafrica.com.
- Weens ‘n aantal klagtes wat deur die ITFB en SAWLFA ontvang is oor die sterk reuk wat afgeskei word na die installering van LOSP behandelde houtvloere in die Wes Kaap het SAWPA ‘n LOSP inligtingstuk opgestel. Die inligtingstuk is beskikbaar en kan afgelaai word op ons webtuiste onder die “Safety” veld.
- Vind asseblief meegaande artikel getiteld “Cape Timber suppliers on a short fuse” wat in die April weergawe van die SA Forestry tydskrif gepubliseer was.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.